http://akroterion.journals.ac.za/

*AKROTERION XL (1995) 87-91 ISSN 0303-1896*

# DIE *LIBER PERISTEPHANON* VAN PRUDENTIUS IN KONTEKS GEWAARDEER

Dirk Coetzee, Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Fokkema & Kunne-Ibsch (1978:136) neem 'n sikliese ontwikkeling waar in die benadering tot literêre navorsing deur die eeue heen. Na die aanvanklike beklemtoning van die skrywer self en die historiese konteks waarin sy werk verskyn het, het die positiviste, volgens genoemde kenners, die historisiteit van die objek van ondersoek, naamlik die teks, op die voorgrond gestel. In hierdie proses is die skrywer self op die agtergrond geskuif. Die geesteswetenskaplike en intrinsieke benaderingswyses reageer skerp teen die positivisme en sien die teks as 'n a-historiese konstante waarop 'n a-historiese navorser reageer. Die Resepsie-estetika beklemtoon egter weer die noodsaaklikheid daarvan om literêre werke in historiese konteks te bestudeer. Die strukturele semiotikus, Lotman, vereenselwig hom met hierdie herbeklemtoning van historisiteit in literêre ondersoeke. Lotman plaas steeds die teks - in die kodering en dekodering daarvan - teen die sosio-kulturele en sosio-historiese agtergrond daarvan, omdat hy glo dat die uiteindelike betekenis van die teks onlosmaaklik aan sekere bepalende tekseksterne faktore verbonde is. Lotman (1972:404) vat sy sienswyse in dié verband soos volg saam: "Jeder künstlerische Text kann seine soziale Funktion nur erfüllen, wenn in seinem zeitgenössischen Kollektiv eine ästetische Kommunikation vorhanden ist. Da eine Zeichenkommunikation nich nur einen Text, sondern auch Sprache erfordert, ist ein Kunstwerk für sich allein, ohne einen bestimmten Kultur-Kontext, ohne ein bestimmtes System von Kultur-Kodes vergleichbar, 'einer Grabinschrift in einer unbekannten Sprache'" (Pushkin).[1]

Alhoewel die werke van Prudentius deur die eeue heen hul aansien behou het en in hierdie eeu meer aandag gekry het met die werke van onder andere Bergman, Lavarenne, Charlet, Jacques Fontaine en andere, het die studies, volgens Palmer (1989:1), hoofsaaklik gesentreer rondom die *Psychomachia* weens die belang daarvan vir die Middeleeuse allegorie en ikonografie, en die *Cathemerinon*, waarvan die skone liriese vorm onmiddellik aanklank vind by die moderne leser. Die *Liber Peristephanon* is volgens Palmer afgeskeep. Een van die vernaamste redes hiervoor is myns insiens juis die feit dat die martelaarsverhale van Prudentius nie in volle kontekstuele verband waardeer word nie. Brown (1981:81) verwoord dit: "Dismissed in this manner as yet another document of the dismal victory of the tastes of the 'common herd', the surviving passiones of late antiquity have seldom been studied in their own right." Ook Henderson (1991:73-74) bepleit die noodsaaklikheid daarvan vir die moderne leser om die *Liber Peristephanon* binne kontekstuele verband te bestudeer. Dit sou volgens Henderson meer begrip bied vir die verwarring tussen feit en fiksie in hierdie werk.

In terme van die Resepsie-estetika sal daar dus gepoog moet word om deur dié oë van die historiese leser van Prudentius se dag na die *passiones* te kyk. 'n Resepsie-estetikus soos

---

1 Elke artistiese teks kan sy sosiale funksie slegs vervul wanneer daar in die eietydse omgewingsveld daarvan 'n estetiese kommunikasie bestaan. Aangesien 'n kommunikasie met tekens nie slegs 'n teks nie, maar ook 'n taal vereis, is 'n kunswerk op sigself, sonder 'n bepaalde kulturele konteks, sonder 'n bepaalde sisteem van kulturele kodes, vergelykbaar met "'n grafskrif in 'n onbekende taal" (Pushkin).

Jauss (1982:21) byvoorbeeld laat die klem sterk op die verwagtingshorison (*Erwartungshorizont*) van die leser val. Hierdie verwagtingshorison definieer hy as die kulturele, etiese en literêre (generiese, stilistiese, tematiese) verwagtinge van die lesers van 'n bepaalde werk tydens die historiese moment waarop daardie werk sy verskyning maak. Hieronder volg dan enkele aspekte van die verwagtingshorison van die leser van Prudentius se dag wat 'n moderne leser 'n groter begrip kan gee van die verwagtingskader waarbinne Prudentius sy martelaarsgedigte gekomponeer het. Enkele van hierdie aspekte het ook opsommenderwys aan die lig gekom in 'n artikel van Henderson (1991:63-84).

## Literêre kultuur

Indien daar gekonsentreer word op die spesifieke leser wat Prudentius vir sy *Peristephanon* beoog het, naamlik die geletterde Spanjaard van sy tyd wat tot bekering gekom het, dan werp die studie van veral Marrou (1958) heelwat lig op die geestesklimaat en kultuur van hierdie lesergroep. Met Augustinus as *exemplum* poog Marrou om die geestesklimaat regdeur die Romeinse Ryk onder geletterdes tydens die vierde en vyfde eeue te peil. Marrou (1958:4) beklemtoon die literêre en retoriese ingesteldheid in hierdie tyd met die woorde: "c'etait une culture essentiellement litéraire, fondée sur la grammaire et la rhétorique et tendant à réaliser le type idéal de l'orateur."[2]

Deur die eeue heen het die skoolopleiding regdeur die Romeinse Ryk, volgens Marrou (1958:4-6), dieselfde gebly, vanaf Cicero en selfs voor Cicero tot en met Augustinus en selfs tot in die sesde eeu. Die gekultiveerde man was by uitstek 'n kenner van letterkunde (Marrou 1958:89). Al wek 'n kerkvader soos Augustinus soms die indruk dat hy afwysend staan teenoor alle vorme van kuns en liberale opleiding, bepleit hy tog in die *prologus* van sy *De Doctrina Christiana* die nut van liberale studies ter voorbereiding vir die bestudering van die Skrif: "sunt praecepta quaedam tractandarum scripturarum quae studiosis earum video non incommode posse tradi; ut non solum legendo alios qui divinarum litterarum operta aperuerunt, sed et aliis ipsi aperiendo proficiant" (*prologus* 1.XXXIV.15).[3]

Dat Prudentius se digkuns 'n uiters verteenwoordigende voorbeeld van hierdie literêre ingesteldheid van die vierde eeu is, blyk onder andere uit die opmerking van Puech (1888:36): "C'est, sans contestation, l'un des plus authentiques représentants du IVe siècle."[4] In die *Liber Peristephanon* self blyk die gerigtheid van die outeur op 'n leser wat literêr onderleg was uit verskeie aspekte. Eerstens is die sinskonstruksies en styl oorwegend klassiek. Stylfigure soos onder andere metafore, metonimieë, grafiese hiperbata en so meer, wat aanspraak maak op 'n leser wat letterkundig en retories onderleg is, wemel in dié gedigte. Die variasie in die versmaat van die verskeie gedigte sowel as die kunstige ikoniese aanwending van die versmaat veronderstel ook 'n leser met literêre kennis. 'n Voorbeeld van laasgenoemde is die kunstige wyse waarop die *sunaloephae* in die jambiese dimeter in *Peristephanon* X (r.63) ingespan word om die vleitaal van die

---

2 Dit was hoofsaaklik 'n literêre kultuur, gebaseer op grammatika en retoriek met die doel om 'n ideale redenaar daar te stel.

3 Daar is sekere voorskrifte rakende die hantering van die Skrifte wat ek besef tot groot voordeel oorgedra kan word aan studente daarvan; sodat hulle gevolglik nie alleen baat kan vind deur andere (se werke) te lees wat die Skrif uitlê nie, maar ook van nut kan wees deur self die Heilige Geskrifte aan andere te verduidelik.

4 Dit is ongetwyfeld een van die mees outentieke verteenwoordigende voorbeelde uit die vierde eeu.

http://akroterion.journals.ac.za/

heidense prefek wat poog om Laurentius te oorreed om die kerk se skatte te oorhandig, uit te beeld (*blande et quiete efflagito*).[5]

Wat die literêre ingesteldheid van die historiese leser van Prudentius se dag nog meer aktueel maak, is die feit dat by beide leser en outeur die eeu-oue antagonisme tussen Christen en heiden momentum verloor het. Prudentius het dus nie nodig gehad om sy rug te keer op die ou kultuur of om onpatrioties teenoor Rome te staan weens die feit dat hy 'n Christen was nie. Dit is juis, volgens hom, as hoofstad van 'n nuwe, geestelike ryk dat Rome sy ware taak sou vervul. Thomson (1969:ix) verwoord dit: "The change from paganism to Christianity is not a breach with the past, but only the last stage of a development which reached its ideal completion when the far-off successor of Aeneas bowed the knee to Christ." Regdeur die *Liber Peristephanon* spreek daar dan ook 'n eerbied jeens Rome en die klassieke erfenis. 'n Voorbeeld hiervan is die eerbied wat blyk uit die waardige byvoeglike naamwoorde waarmee daar van Rome melding gemaak word asook die perifrases vir die stad, bv. *Antiqua ... parens* ("Antieke ouer") ter inleiding van *Peristephanon* X, en *urbis togatae* ("van die stad met die toga") (*Peristephanon* X.10).

## 'n Gees van goedgelowigheid

Die gees van goedgelowigheid wat aan die orde van die dag was in Prudentius se tyd word soos volg deur Fontaine (1980:771) tipeer: "Ces notations, aussi bien que la stylisation caricaturale des acteurs dans l'hymnodie de Prudence sur les martyrs ... frappent par une certaine naïvete commune."[6] Hierdie gees van *naïvete commune* was algemeen in Prudentius se dag en moet, volgens Palmer (1989:37), nie bloot as 'n geïsoleerde verskynsel wat slegs aan die *oculi fidei* onder Christene van die vierde eeu toegeskrywe kan word, gesien word nie. 'n Gees van *naïvete commune* en die gepaardgaande gees van nuuskierigheid (*curiositas*), wat Marrou (1958:131) as 'n belangrike *orientation de penseé* vir sy tyd beskou, was aan die orde van die dag. Palmer (1989:37) onderstreep hierdie feit as sy daarop wys dat historiese akkuraatheid en objektiwiteit ook in sekulêre literatuur van die vierde eeu ondergeskik was aan die eise van nuuskierigheid en goedgelowigheid by die leser. So was daar onder andere 'n groot belangstelling in *pseudepigrapha*, dit wil sê vervalste dokumente en inskripsies wat geskryf is met die doel om nuuskierigheid te bevredig. Ook in Christelike geledere is blatante vervalsings, volgens Palmer (1989:44), as waarheid aanvaar. Hieronymus aanvaar byvoorbeeld die korrespondensie tussen Paulus en Seneca as eg (*De Viris Illustribus* 12). Van Augustinus merk Palmer (1989:52) op: "His theoretically high standards of verification and the cautious attitude are forgotten as he accepts and relays to his readers mirabilia accepted on hearsay or from literary tradition." Palmer vervolg dan heel tereg: "it is Augustine the curiosus, typical of his age, who is speaking here." Ook 'n heidense geskiedskrywer soos Ammianus Marcellinus, wat hom in sy *Res Gestae* XXXI, 16.9 ten doel stel om objektiewe geskiedskrywing te lewer (*opus veritatem professum, numquam (ut arbitror) sciens silentio ausus corrumpere vel*

---

5 Vriendelik en kalm pleit ek by jou.

6 Hierdie aanduidings sowel as die styl waarmee die karakters van die akteurs in die himnes van Prudentius oor die martelare (uitgebeeld word) wemel van 'n bepaalde gemeenskaplike naïwiteit.

http://akroterion.journals.ac.za/

*mendacio*)[7] se werk wemel, volgens Syme (1968:94), van sensasionele aspekte en onjuisthede. Syme beskou sy werk dan ook eerder as *historical romance* en nie geskiedskrywing in die ware sin van die woord nie. Syme (1968:94) som hierdie gees van goedgelowigheid en nuuskierigheid onder Christen en heiden raak op as hy sê: "The age was permeated with mendacity, whether subtle or shameless. The standard and traditional hypocrisies of pagan and profane world were in no way impaired by the emergence of a pure and humble religion ... Both sides entered into competition. Erudite or eloquent fanatics were matched with defences of the old faith - or all too often theophists, astrologers, and magicians."

In *Peristephanon* X.388 maak Prudentius wel die stelling: *nil est amore veritatis celsius*.[8] Indien daar egter maar net gelet word op die talle wonderbaarlike gebeurtenisse wat volgens die *Liber Peristephanon* afgespeel het tydens die sterftes van die martelare, dan is dit duidelik dat beide die outeur van die martelaarsgedigte en sy teikengroep lesers nie ontkom het aan hierdie gees van *naïvete commune* nie. So word die martelaar Quirinus tydens die regering van Galerius in *Peristephanon* VII met 'n meulsteen om sy nek van 'n brug af in vloedwaters gewerp. Die meulsteen dryf egter op die water terwyl die martelaar vir oulaas sy gemeente bemoedig.

## Klem op die grusame en morbiede

'n Verdere kenmerk van die tydsgees in die vierde eeu is die sterk beklemtoning van die grusame en morbiede wat in literatuur so realisties moontlik voorgehou is ten koste van fatsoenlikheid. Auerbach (1974:53-63) wys daarop dat hierdie neiging reeds by Tacitus en Sallustius begin het. Onder heidense skrywers bereik hierdie beklemtoning van die grusame 'n klimaks by Ammianus Marcellinus. Met verwysing na Ammianus (*Res Gestae* XV.7.4) se beskrywing van die massa-opstand in Rome onder aanstigting van Petrus Valuomeres, merk Auerbach (1974:53) op: "He gives nothing from which we might deduce any human contact ... He clothes the whole incident in the somber splendor of his rhetoric ... strongly sensory impression ... unpleasantly realistic." Ook Charlet (1988:79) tipeer hierdie tydstendens as: "the taste for spectacle and the spactacular, a love of seeing and showing". In die Peristephanon blyk die gerigtheid van die outeur op 'n leser wat gefassineer word deur die grusame en morbiede veral duidelik in 'n gedig soos *Peristephanon* X. Hier word die vertelgang byvoorbeeld vir 'n hele 107 reëls (rr.205-312) gerem sodat die fokus kan val op die gebreke en siektes van die kudde van God wat in teenstelling met uiterlike lyding innerlik rein van gees is.

Met die enkele perspektiewe hierbo wat betref die historiese leser van Prudentius se dag behoort die moderne leser van die *Liber Peristephanon* meer geneë te wees om saam met Palmer (1989:2) te stem dat hierdie martelaarsgedigte met hul gewaagde kombinasie van profane en Christelike elemente van die mees aangrypende gedigte in die hele *corpus Prudentianum* is en dat dit belangrik is om dit aan deeglike studie te onderwerp.

---

7 'n Werk wat aanspraak maak op die waarheid, aangesien ek nooit (na die beste van my wete) bewustelik gewaag het om óf deur stilswye óf deur leuenagtigheid die waarheid geweld aan te doen nie.

8 Niks is meer verhewe as liefde vir die waarheid nie.

http://akroterion.journals.ac.za/

## BIBLIOGRAFIE

Auerbach, E. 1974 (1946). *Mimesis: the representation of reality in western literature*. Princeton: Princeton University Press.

Brown, P. 1981. *The cult of the Saints*. Chicago: University of Chicago.

Charlet, J.-L. 1988. "Aesthetic trends in late Latin Poetry (325-410)." *Philologus* 132(1):74-85.

Fokkema, D.W. & Kunne-Ibsch, E. 1978. *Theories of literature in the twentieth century*. London: C. Hurst & Co.

Fontaine, J. 1980. *Etudes sur la poésie latine tardive d'Ausone à Prudence*. Paris: Sociéte d'edition les belles lettres.

Henderson, W.J. 1991. "Vox Veritas: Truth in Prudentius' *Peristephanon*." *Pharos* 73:63-84.

Jauss, H.R. 1982. *Toward an Aesthetic of Reception*. Minneapolis: The Harvester Press.

Lotman, J.M. 1972. *Die Struktur literarischer Texte*. München: Wilhelm Fink Verlag.

Marrou, H.-I. 1958 (1938). *Saint Augustin et la fin de la culture Antique*. 4e édition. Paris: Editions E. De Boccard.

Palmer, A.M. 1989. *Prudentius on the Martyrs*. Oxford: Clarendon Press.

Puech, A. 1888. Prudence. *Etude sur la Poésie Latine Chrétienne au IVe Siècle*. Paris: Libraire Hachette et Cie.

Syme, R. 1968. *Ammianus and the Historia Augusta*. Oxford: Clarendon Press.

Thomson, H.J. (trans.) 1969 (1949). *Prudentius*. (2 Vols). (Loeb Classical Library). Cambridge, Mass.: Harvard University Press.